Kaapse stadsraad wil windturbines verder ondersoek

Lede bang dit lyk ook lelik

Marelize Barnard, Kaapstad

Een ding in Kaapstad wat gratis is, is die wind, maar tienduisende klein windturbines waarmee krag opgewek word, is nie noodwendig iets waarin die stadsvaders wil vaskyk nie.

Die Kaapse stadsraad se portefeuljekomitee oor beplanning en omgewing het die regulering van die oprigting van klein windturbines bespreek nadat ’n taakspan ondersoek na die oprigting daarvan ingestel het. Die taakspan moet help om riglyne te formuleer vir die oprigting van klein windturbines teen geboue sowel as turbines wat los staan.

In die stadium is dit ontoelaatbaar om enige kragopwekker aan die stad se kragnetwerk te koppel en krag in die netwerk in te voer. Daar is ook geen nasionale spesifikasies vir die oprigting en gebruik van klein windturbines nie.

Me. Gisela Jespersen het gesê op die Karooplaas waar sy grootgeword het, is ’n oudtydse weergawe van ’n windturbine gebruik om krag op te wek. Sy het gesê dat die turbines so opgerig moet word dat dit die kleinste invloed moontlik op die omgewing het.

Mnr. Owen Kinahan het bygevoeg dit is nie in die stadium ’n opsie dat krag wat met windturbines opgewek word in die stad se kragnetwerk ingevoer word nie. Die doel van die windturbines is slegs om krag vir eie huishoudelike gebruik op te wek.

Me. Nicki Holderness het opgemerk as daar iets is wat volop en gratis in die stad is, is dit wind. Ingevolge die nasionale bouregulasies en die Wet op Boustandaarde moet daar skriftelike verlof van ’n stadsraad verkry word voordat ’n windturbine opgerig word. Klein windturbines sal ’n visuele impak op woonbuurte hê, en dit moet gereguleer word. Daar is voorgestel dat die gebruik van windturbines ondersoek en die stadsraad se energiekomitee betrek word.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published